Naam: ____________________ Datum: _____________

# Morsjors



Die arme aarde kry so swaar, want mense besoedel dit elke dag.

Fabrieke stort chemikaliee en rommel in ons mooi riviere. Dit besoedel ons water en maak dat die eende, paddas en visse wat in die water bly, doodgaan. Fabrieke en karre besoedel die lug.

Baie mense gooi ook nie hulle rommel in 'n asblik nie, maar sommer op die grond. Hulle is morsjorsse!

Ek wil my aarde skoon hou!



Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoekom kry die aarde elke dag swaar?

   _______________________________________________

2. Hoe besoedel fabrieke die water?

   _______________________________________________

   _______________________________________________

3. Wat gebeur met die diere wat bly in besoedelde water?

   _______________________________________________

4. Wat besoedel die lug?

   _______________________________________________

5. Hoekom dink jy moet ons rommel in 'n asblik gooi en nie op die grond nie?

   _______________________________________________

   _______________________________________________

   _______________________________________________

Naam: ____________________ Datum: _____________

# Hou ons lug skoon !


Mamma en Gawie is oppad na die winkels. Gawie sien 'n groot fabriek met baie rook wat uit die pype uit kom.

"Mamma is dit nie sleg vir ons as daar so baie rook in die lug is nie? vra Gawie.

"Dit is baie sleg vir ons Gawie. Baie mense kry keel - en longsiektes van besoedelde lug." sê mamma.

"Die stoute fabrieke" sê Gawie kwaad.

"Fabrieke is nie al plekke wat die lug besoedel nie Gawie. As baie hout, steenkool en brandstof gebrand word besoedel dit ook die lug. Selfs die rook van karre veroorsaak besoedeling!" vertel mamma.



"Ai mamma, dit maak sommer my hart baie seer."

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat het Gawie gesien toe hulle in die kar ry?

______________________________________________

______________________________________________

2. Is besoedelde lug vir ons sleg? Hoekom?

______________________________________________

______________________________________________

3. Wat veroorsaak alles lugbesoedeling?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4. Dink jy Gawie was hartseer en kwaad oor die lugbesoedeling? Hoekom se jy so?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Naam: ____________________ Datum: ______________


# My ore kry seer !

Het jy geweet 'n mens kry geraasbesoedeling?

Ja! Selfs geraas kan besoedeling veroorsaak.

Geraasbesoedeling word veroorsaak deur baie harde geluide. Vragmotors, die getoet van 'n taxi, fabriekmasjinerie, harde musiek en die toerustig wat op boupersele gebruik word veroorsaak geraasbeseodeling.

Geraasbesoedeling kan jou selfs doof maak!



Beantwoord die volgende vrae:

1. Watter tipe besoedeling word veroorsaak deur baie harde geluide?

   ______________________

2. Wat veroorsaak alles geraasbesoedeling?

   ___________________________________________________

   ___________________________________________________

   ___________________________________________________

3. Is geraasbesoedeling sleg vir jou? Hoekom?

   ___________________________________________________

   ___________________________________________________

4. Het dit al ooit gevoel of jou ore baie seerkry van harde geluide? Wanneer?

   ___________________________________________________


   ___________________________________________________

   ___________________________________________________

# Besoedeling - Kreatiewe skryfwerk

Kyk na die onderstaande prent. Skryf nou 'n storie oor wat alles in die prent gebeur. Gebruik die woorde in die woordblok om jou te help.


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| rook | waterbesoedeling | lugbesoedeling | fabriek | riool | vullistrok |
| besoedel | gifstowwe | boere | plakkerskamp | rommel | |




# Besoedeling - Kreatiewe skryfwerk

Kyk na die 2 onderstaande prente. Skryf nou 'n storie oor wat alles in die prente gebeur. Gebruik die woorde in die woordblok om jou te help.

rook waterbesoedeling lugbesoedeling fabriek rioolpyp skilpad
dood giftig mors rommel boot olie





Kleur al die dele van die prent in waar jy besoedeling sien

